30 MAART 2020
HERDERSBRIEF #16

Geliefde Gemeente,

Die sekulêre stelsel, is so behep met die duisende wat as gevolg van die Corona virus, tot sterwe kom. Seer sekerlik is die dood 'n gerekende vyand. ***Heb. 9:27*** *"En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel."* Maar wat van die massa, wie geestelik dood is en tog so godsdienstig is.

Ons wil egter nie – in hierdie verband – oor die dood met u praat nie. Daar is twee, mees belangrike gedagtes, waaroor hierdie brief gaan naamlik:

**"LEWEND", "OPGEWEK".**

Die versoeningsdaad van Christus het meegebring, ***Ef. 2:5,6*** *"toe ons almal dood was deur die misdade, is ons lewend gemaak saam met Christus en saam met Christus opgewek."* Dit is die *objektiewe* waarheid wat *subjektief* toegepas moet word, en die doel van hierdie skrywe is, om met u te praat oor die *toepassing*. Wat beteken die *toepassing* in die praktyk?

- ***Rom. 10:15*** *"Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!"* Daarom dank ek die Vader vir die beskikbare voete in hierdie gemeente.

- ***Rom. 10:12*** *"daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal"*

- ***Rom.10:14,15*** *Hoe kan enige iemand glo as hy nie gehoor het nie? Hoe kan hulle in Hom glo, sonder een wat verkondig?*

- Dan volg die allerbelangrikste stap naamlik: Gehoorsaamheid. ***Rom.10:16*** *"Jesaja het gesê: Here, wie het ons prediking geglo?"*

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

- ***Rom. 10:17*** *"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."*

- ***Rom. 10:13*** "*Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."*

- ***Rom. 10:8*** *"Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig:"*
  ***Rom. 10:9*** *"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;"*
  ***Rom. 10:10*** *"want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."*

- ***Rom. 10:11*** *"Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie."*

- Mag die volgende tog nie op ons van toepassing wees nie: ***Rom.10:21*** *"Maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n ongehoorsame en teësprekende volk."*

**VRAAG**:

Is u in u gees **"lewend"**, en kan u getuig dat u **"opgewek"** is?

***1 Pet. 2:5*** *"en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus."*

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335